# APPENDIX 3

## Proof of newspaper advertisements

Noordwester (page 7 of 12 October 2018)

# Feestelike atmosfeer heers by Lentefees
















**NOORDWESTER – LICHTENBURG – 'n Feestelike atmosfeer het onlangs geheers tydens die Lentefees wat oor twee dae by die SAVF Gemeenskapsentrum in Lichtenburg gehou is.**

Daar is heerlik op die terrein gekuier en verskeie stalletjies met interessante snuisterye en eetgoed het deel uitgemaak van die dag. Verskeie kunstenaars het tydens die fees opgetree en daar is ook 'n mnr. en mej. Lentefees in verskeie ouderdomsgroepe aangewys. Een van die hoogtepunte van die fees was die opvoering "Babelaas en Babers" deur die bekende akteur, Ben Kruger tydens die feesontbyt. Daar is behoorlik geskaterlag vir sy kwinkslae. Die Lentefees was 'n uiters geslaagde fondsinsamelingsprojek en fondse sal uitsluitlik vir welsynswerk aangewend word.

# Lichies Omgee bied Leefstylfees

**NOORDWESTER – LICHTENBURG – Lichies Omgee bied elke jaar die Lieweland Leefstylfees aan om fondse in te samel vir kospakkies.**

Hierdie heerlike familie en vriende kuierdag sal weer dié jaar op 20 Oktober 2018 plaasvind by die Lieweland gasteplaas, halfpad tussen Coligny en Lichtenburg. Die dag sal gekenmerk word deur wynproe van heerlike Suid-Afrikaanse uitsoekwyne, Kraft Bier en ook 'n Gin Bar op 'n groot grasperk onder soetdoringbome waar gaste sorgvry kan gesels en kuier. Tafelbesprekings kan gedoen word vir groepe en individue. Geen koelhouers, drinkgoed, kos of ys mag op die dag ingeneem word na die terrein nie.

Dié jaar word Lichtenburg en die omliggende omgewing se kinders die geleentheid gebied om in te skryf vir die Kuikens Kook-kompetisie wat gehou word by die Lieweland Leefstylfees. Kinders van 8 – 13 jaar kan inskryf en ouers moet hulle vergewis van die reëls. Die borg, Laguna Spur, bied aan vier deelnemers die geleentheid om vier partytjies by die Spur in Lichtenburg te wen.

Jonel Scholtz bied kunstenaars die geleentheid om vanaf 12:00 af te kom skilder by die fees. Alle kunsmateriaal is geborg deur die plaaslike verskaffer van kunsmateriaal, Lichtenburg Kantoormeubels. Kunstenaars moet bespreek omdat daar beperkte ruimte is. Kaartjies kos R260 per persoon wat toegang, wynproe, kunsmateriaal en 'n "Paintdate" met Jonel insluit.

Navrae oor die fees, kookkompetisie se reëls of verf-geleentheid kan gerig word aan Jeanette by 0824112658 of u kan meer te wete kom op die Facebookblad van die Lieweland Leefstylfees.



Christie van Christiana is een van die gaskunstenaars by die Pretdag.



Berné Hayes sal ook tydens die Pretdag vir die hele gesin optree.

# Dag vol pret vir hele familie!

**NOORDWESTER – LICHTENBURG – Roman's Warrior in Nelson Mandela Rylaan bied op 20 Oktober 2018 'n heerlike familie pretdag vir die hele familie aan. Lichtenburgers asook inwoners van omliggende dorpe mag nie die geleentheid misloop nie.**

Prettige kompetisies tussen pa's en seuns en ma's en dogters sal op die dag aangebied word asook 'n mnr. Boepens kompetisie vir die manne wat al jare "gegroei" het aan hulle boepe. Vir die kinders sal daar springkastele wees asook lekker boeresport om hul mee besig te hou. Kaartjies sal by die hek te koop wees waar besoekers 'n kans staan om 'n slagvark te wen. Twee gaskunstenaars sal oud en jonk op die dag vermaak met hul musiek. Christie van Christiana en Berné Hayes sal seker maak dat die karnaval atmosfeer die hele dag aanhou. Kaartjies vir die pretdag beloop R80 vir volwassenes en R40 vir kinders van 3 tot 18 jaar. 'n Kontantkroeg en kosstalletjies met watertand eetgoed sal beskikbaar wees. Skakel Valerie by 0796104876 of Hendrik by 0728765121 vir verdere besonderhede en kaartjies.

## NOTICE OF A BASIC ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT PROCESS

In terms of the National Environmental Management Act (NEMA), 1998 (Act 107 of 1998) as amended and the Environmental Impact Assessment (EIA) Regulations of 2014 as amended in 2017, an application for environmental authorization will be submitted to the North West Department of Rural, Environment and Agricultural Development (NW READ). Notification is hereby given to all Interested and Affected Parties in terms of Sections 39 to 44 of GNR 982 as amended in GNR 326, that a **Basic Assessment Report** (GNR 983 as amended in GNR 327 Activity 39 and GNR 985 as amended in GNR 324, Activity 12) will be submitted to the relevant authority (NW READ) to apply for environmental authorization for the proposed expansion of a feedlot for cattle on Portion 4 of the farm Vlaknek 472JP, Ditsobotla Local Municipality, North West Province.

**Application:** Proposed expansion of a feedlot for cattle on Portion 4 of the farm Vlaknek 472JP, Ditsobotla Local Municipality, North West Province.

**Locality:** Portion 4 of the farm Vlaknek 472JP, Ditsobotla Local Municipality, North West Province

**Applicant:** Fahari Property Investments (Pty) Ltd

**Nature:** The proposed expansion of the feedlot will accommodate 5 000 cattle.

To register as an Interested and Affected Party or to obtain further information regarding the project, contact HydroScience on or before **7 December 2018** via fax, email or post at:

**HydroScience** Hydro Science
**Person:** **Paulette Jacobs**
**Tel:** **082 850 5482**
**Fax:** **086 692 8820 / 086 588 1770**
**E-mail:** **paulette@hydroscience.co.za**
**Postal Address:** **P.O. Box 1322, Ruimsig, 1732**

Please submit any issues of concern or interest in the matter, in writing, on or before 30 November 2018 by fax or email or post to the contact person listed above. The report will be available for public review **7 November – 7 December 2018** (30 days) at the Kgetleng River Local Municipality Library in Koster (De Wet Street), contactable on 014 543 2004.


## PLAAS TE KOOP!!

Namens ons kliënt, Stef Schutte.
**SPESIALE INSKRYWING SAAM MET OTTOSDAL MAANDVEILING**
**17 OKTOBER 2018 OM 12:00**
**OTTOSDAL VEILINGSKRALE**

Beskrywing: Plaas Uitschot, Gerdau/Vermaas-distrik.
Grootte: Gedeelte A, 308 ha, 178 lande, 130ha weiding.
Gedeelte B, 110 ha, 60 lande, 50ha weiding.

- Rivierweiding, beide gedeeltes
- Elke gedeelte het sy eie boorgat
- Liggingskoödinate (GPS) – 26.S670770 26.O199383

*Gedeeltes sal gesamentlik en afsonderlik opgeveil word.*

Navrae: Bemarker – Pieter le Roux – 076 334 8434

LEWENDEHAWE KOöP BPK NOORDKAAP VRYBURG LIVESTOCK CO-OP LTD
STOET AFSLAERS
STUD AUCTIONEERS
053 927 3871

CVO -Skool Lichtenburg
bied aan
STEAK-EN-WYN-AAND

Datum: 2 November
Tyd: 18:00
Plek: CVO-Skool Sportterrein
Prys: R150.00

*Eie eetgerei*
- Alle bykosse is ingesluit
- Fliek onder die sterre vir die jongspan!
- Eksklusiewe wyne te koop



*Eie drank word toegelaat*

018 632 1982 cvoadmin@truenw.co.za